## BARMHARTIGHEID– DEUR DIE GEE VAN TIENDES

*deur Stephan Joubert soos geskryf vir e-kerk*

**Vraag:** Hoe balanseer mens die gee van tiendes en die eise van die ondersteuning van jou gesin? Kan van die geld wat my tiende uitmaak eerder aan behoewiges gegee word as die kerk? Wat maak die kerk met geld ontvang van lidmate as tiendes?

**Antwoord:** So 'n paar punte in antwoord…
1. Die Nuwe Testament maak fisiese tiendes nie verpligtend nie. Hoekom nie? Omdat Jesus dit verstaan as deel van daardie godsdiens van die Fariseërs waar dooie objekte (geld, items) aan God gegee is met die verwagting dat dit die gewers se godsdienstige status sou verhoog (lees gerus Lukas 18:9-14). Daarom dat Jesus in Matteus 23 in geen onduidelike taal nie die Fariseërs, as die heel strengste gewers van tiendes wat selfs al tiendes van kruistement en koljander gee, uitwys as diegene wat die eintlike gehorosaamheid aan die wet versaak. Die primêre doel van die wet van God is nie om reëls te onderhou nie, maar om nuwe verhoudings met God en ander te handhaaf.
2. Vir die N.T. is **ons ganse lewe nou 'n lewende tiende**. Om dus net nog oor tiendes te gesels as afgeweegde geld tot op die letter is om moontlik selfs weer 'n gevangene van dit te word waarteen Paulus in Kolossense 2 waarsku, naamlik 'n wettiese, uiterlike godsiens. **Nou is ons hele lewe 'n lewende offer aan God** (Rom 12:2). **Daarom gee ons, wanneer die Here dit van ons vra, nie net 'n tiende nie, maar sommer 50%, soos 'n Saggeus (Lukas 19), of selfs 100%, soos die arm weduwee (Lukas 21).**

3. Die nuwe norm van die Nuwe Testament is dat Jesus alles vir ons gegee het, daarom **is die hart van Christus nou in ons binneste wat maak dat ons alles vir Hom en ander gee** (Fil 2:1-11). Jesus wat ryk was, het t.w.v. ons arm geword sodat ons wat arm is in Hom ryk is (2 Kor 8:9). Daarom kan ons weggee. Geen wonder dan nie dat Paulus in 2 Kor 8:1-5 verwys na die Masedoniese Christene wat hulleself eers aan God en toe aan Paulus gegee het toe hulle 'n geldelike bydrae wou maak vir die arm Christene in Jerusalem. Die nuwe roete is dus om jouself te gee as 'n offer. En offers maak seer. Dit vra alles. **Daarom is my tiendes nie net meer my geld nie, maar ook my tyd, talente, energie en diens. My tyd en my talente is ook deel van my lewende tiendes wat ek weggee.**

4. Die nuwe beginsel vir Christelike gee, is in Handelinge 20:35 waar Paulus (wat vantevore 'n wetsgehoorsame Fariseer was, maar glad nie meer tiendes voorskryf as hy oor geld in sy briewe skryf nie) meld dat hy hard gewerk het sodat die armes ook iets het om te eet. **Kortom, ek moet ook werk sodat ek geld het om vir die armes te gee. Ek dien hulle deur 'n feesmaal vir Jesus se gunsteling mense – die armes, kreupeles, lames en blindes van Lukas 14 – aan te wend**. My geld word nou nie net op myself gespandeer nie, maar op die armes ook.

5. Kortom, dit lyk asof die tiendes van die O.T. na die N.T. skuif van blote geld of oeste of besittings wat ek gee, na **my ganse lewe as tiende**. Alles wie ek is en wat ek gee is offers. Dit moet my iets kos. Maar ek moet nie met 'n skuldige gewete opgeskeep sit en meen ek moet geld, soos die Fariseërs afweeg en meet nie. Dan koop ek my gewete af as ek meen ek het getrou my geldelike tiende gegee. **Jesus vra meer. Hy vra myself as lewende offer.**

***Kom ons eer die Here deur ons tyd, geld, gesondheid, energie, gawes, talente, vermoëns, ens alles aan Hom toe te wy en dit in Sy Diens te gebruik om 'n verskil in ander se lewens te maak – Ds Leon Tait***



Maandblad NG Rietfontein-Suid

Die Rietfluit

Christus alles in elkeen!

OKTOBER 2012

## Die Gees soek hande



'n Christen vrou gaan na haar buurvrou wat in rou is en plaas haar hand op haar skouer en sê: *God neem hande waar Hy ook al dit beskikbaar kry en doen daarmee wat Hy graag wil. So neem Hy die hande van 'n leraar en plaas dit seënend op die kop van 'n baba; Hy neem die hande van 'n dokter en gebruik dit om pyn van 'n pasiënt te verlig; Hy gebruik die hande van 'n moeder om haar kind te versorg en somtyds neem Hy die hande van oumens soos ek om troos te gee aan 'n buurvrou. Dit is alles hande wat deur die Gees aangeraak is en Sy Gees soek orals hande wat Hy kan gebruik.* Is joune beskikbaar?

Paulus maak dieselfde punt juis in Romeine 12:7,8 waar hy ons aanmoedig om ons vermoëns te gebruik om ander te dien bv *as jou gawe is om ander te dien, dien dan met oorgawe. As dit is om ander op te beur doen dit dan inderdaad…*

By die Taakspan van Barmhartigheid is daar hande wat reeds met die volgende help:

- om dié te help wat finansieel in nood is en materieel ondersteuning benodig
- om dié te voed wat nie kos het nie
- om siekes te besoek in die gemeente
- om dié wat bedroef is te bedien met troosbroodjies by begrafnisse
- om bedroefdes te besoek
- om dié wat sukkel met depressie te ondersteun in 'n groep nl Die Eliagroep
- om dié wat ly agv 'n skadelike gewoonte, seer uit die verlede of 'n ander knellende emosie, in 'n groep te help om heling en oorwinning te ontvang (Die Jesus Maak Heel groep)
- om by 'n weeklikse werkersklas mense te leer naaldwerk doen
- om uit te reik na nood in die omgewing :
  - ◊ 'n Aantal motorwagte met kos
  - ◊ Vennote van Moot Care met al hul werksaamhede (veral werkloses, kosprojek en kospakgeleenthede en finansieel)
  - ◊ Huis Quanessa met allerlei middele en hulpverlening
  - ◊ Ondersteun die CMR Moot se Red-'n-Kindprojek

Die leuse van ons taakspan is: *Omgee is aansteeklik!* Ek hoop regtig dat jy ook nou aangesteek het met omgeeliefde vir ander in nood.

Indien jy jou hande tot beskikking van die Gees wil stel en betrokke wil raak by enige van die bogenoemde aksies kan jy gerus vir een van die volgende persone kontak vir verdere inligting: Allen Prentice (0836192676) of ds Leon van Heerden (0836601803)

*Die Gees soek jou hande om vir almal in nood om te gee!*

*ds Leon van Heerden*

# !! ONTHOU DATUMS !!

- **8 Okt:** Skole open
- **14 Okt:** Aandnagmaal
- **28 Okt:** Doop

**Sien jou daar!**





**BOOMSLOPING** en snoei van bome & struike. Verskaf ook Kagelhout. Kontak Ernst by 083 656 4992

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer!
Kontak Ilze 072 111 3100

**c'nanru eiendomme**

ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- Gratis waardasies
- Bemark om te verkoop
- Kwalifisering van nuwe kopers
- Lening aansoeke
- Advies om eiendom se waarde te verhoog
- Boedelwaardasies



Naómi

082-804-1200 012-331-0015




## TAAKSPAN VIR OMGEEGROEPE

***OMGEEgroepe*** speel elke jaar 'n prominente rol om 'n bydrae te lewer om van die Karnaval 'n sukses te maak. Verskeie stalletjies word deur die omgeegroepleiers en lede beman.

Die spanwerk wat altyd hiermee gepaardgaan is 'n VREUGDE om te beleef! Die samewerking en vriendelikheid FANTASTIES!!

Nie net weet die *OMGEEgroepe* hoe om hard te werk nie, maar hulle kan net so heerlik PRET hê!!!

*Hartlike dank aan ieder en elk van ons Omgeegroepe wat bereid was om 'n verskil te maak en dit boonop met soveel entoesiasme en sukses gedoen het!!*

**ONS SIEN UIT NA VOLGENDE JAAR!!!!**

GEMMERBIER

WORSBROODJIES SPOOKASEM






JAFELS KOEKE

WORSROLLETJIES KERRIE & RYS

***Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:***
***Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591***

5.5 Geloofsfokus: (Ps 62:2-13)



◊ Behou 'n God-perspektief
- Sy liefde (1 Joh 4; Klg 3:21-23)
- Sy Almag (Ps 46:8;Luk 18:27;Ef 3:20)
- Hy is in beheer (Ps 46:11)
- Plakker: "As jy God wil laat lag maak planne" (Jak 4:13-16)
- Hy is onveranderlik (Eks 3:14;Hebr 13:8)
- *Verwondering oor God maak ons elke dag kleiner en God asook ander groter!*

◊ Hou op om jou èn God se las te dra
- Maak vrede met jou emosionele en liggaamlike laslimiet en beperkinge. Versigtig vir Atlassindroom !
- Ons kan nie alles vir almal wees nie
- Ons kan nie alles hê en alles doen nie
- Leer om nee te sê

◊ Verdiep jou in die Woord
- Laat God jou daagliks vernuwe deur Sy Woord (Ps 1)
- Eien God se beloftes toe
- Pas Skrifbeginsels op situasie toe
- Toets jou selfspraak: Stel sekere vrae in elke stressituasie



◊ Bid (Fil 4:6,7; Joh 14:27)

◊ Loof God deur sang (Ps 34:3; Ef 5:18-20)

Iemand*: I find it to be almost impossible to be stressed and praise God at the same time. When I am stressing I just start praising and the stres just seems to go a way*

◊ Leef teen God se tempo
- Eendag op 'n slag (Gen 1,2 = God se spoed is eendag-op-'n-slag-ritme; Matt 6:11, 34;) Ons lewenstempo: een-dag-op-'n-slag-leefstyl!
- Vandag/ vir die oomblik( Hebr 3"vandag is God se tyd"; 2 Kor 6:2; )
- *Die lewe gebeur nou!*
- Elke dag vernuwe God ons (2 Kor 4:16)
- *God besoek ons dikwels maar ons is meestal nie tuis nie!*
- Nie 'n gister of more mens nie, maar word 'n vandagmens
- Laat vandag tel vir die ewigheid (Ef 5:16)

*ds Leon van Heerden*






## Taakspan vir Kommunikasie

***"Die Koffiepot"*** is 'n afdeling op ons webwerf vanwaar gemeente publikasies afgelaai kan word as PDF dokumente.

Om by ***"Die Koffiepot"*** uit te kom, volg die *"Die Koffiepot"* skakel wat bo-aan die webbladsy in die horisontale kieskaart aangetref word.

Tans word daar voorsiening gemaak vir die volgende publikasies:

Bybel Blokraai met Oplossings
Die Rietfluit
Die Penniefluitjie
Gebedskalender
Gemeente Kalender
Gesinne in Harmonie
Oestyd – Taakspan vir Sending nuusbrief
Saampraat
Verskil – Noordelike Sinode nuusbrief

Op 15 September 2012, was die top 5 publikasies wat die meeste afgelaai is:

1. Die Rietfluit – Julie 2011 …………………………... 261
2. Die Rietfluit – Mei 2010 …………………………….182
2. Die Penniefluitjie – 2010 Volume 1 ………………… 182
4. Gesinne in Harmonie – Augustus 2011 Volume 5 .. 136
5. Gesinne in Harmonie – Junie 2011 Volume 3 ……. 122

Indien daar enige ander publikasies is wat ons vir u op die webwerf kan plaas, stuur vir ons 'n e-pos met die naam en bron van die item na: kommunikasie@rietfontein-suid.ng.org.za

Indien jy jou kreatiwiteit wil uitleef in die elektroniese media en saam met ons 'n verskil wil begin maak, kontak asseblief:

Casper Erasmus by 076 999 7603 of stuur 'n e-pos na kommunikasie@rietfontein-suid.ng.org.za.

# Kernnotas oor God en ons stres




**1 Die omvang van stres:**

- ◊ spanningshoofpyne (60 % mense beleef)
- ◊ stresverwante siektetoestande (70-80% van pasiënte)
- ◊ "die siekte van ons tyd"

**2 Wat is stres ?**

- ◊ persoon se reaksie/hantering van situasie of omstandighede
- ◊ nie alle stres is negatief nie!
- ◊ emosionele lading (te min/ regte hoeveelheid/ oormatig)
- ◊ verskil tussen stres en uitbranding (duur daarvan: kronies)
- ◊ oorlading= negatiewe stres/skadelik

**3 Bronne van stres (stressors)**

- verliese
- konflik
- werksdruk en –dramas
- kritiek
- finansies
- elektronika-druk
- slaaploosheid
- trauma
- Possession expectations
- Performance expectations

- verandering
- gesinsdruk en –dramas
- kwelling
- gejaagdheid
- 2-beroephuwelike
- minder slaap
- wag (5jr vir lewe)
- politiek
- People expectations



Ons kan nie van stres wegkom nie! Dit is deel van die alledaagse lewe!

**4 Hoe affekteer oormatige stres ons ?**

*4.1 Emosioneel*

- ◊ nie lus vir mense en die lewe nie (Moses: *U kan my lewe maar neem. Ek kies 'n lewe van afsondering* Num 11:14,15)
- ◊ ongeduld, irritasie, selfbejammering, angstigheid en moedeloos (Moses in Numeri 11:10-15)
- ◊ verlies aan vreugde, selfbeheersing, lewensvervulling, entoesiasme.......
- ◊ sê en doen maklik dinge waaroor later spyt is
- ◊ soek skoor (soos rondloper hond)





*4.2 Liggaamlik*

- ◊ langlys siektes (oormatige stres is die liggaam se grootste vyand)
- ◊ bevorder kanker (breek immuniteit af)
- ◊ vinniger verouderingstekens
- ◊ dreineer energie/ moeg
- ◊ allergiese toestande



*4.3 Geestelik*

- ◊ voel skuldig: opstandig, kla, beleef God is onregverdig ens
- ◊ Here voel ver
- ◊ sukkel om te bid
- ◊ uit voeling met God se wil
- ◊ tree op volgens gevoel ipv Here gehoorsaam
- ◊ gee aanleiding tot wanopvattings oor eie lewe bv ek is nie geestelik genoeg nie (Beeld: koffietafeltjie)

  * Wat maak ons nou met die rooilig van stres wat in ons lewe brand?

**Om oor te dink:**
**1 Wanneer ek my die meeste stres is...............................................................**
**2 My stresvlak van die afgelope week skat ek op skaal van 1-10 =......................**

**5 Hoe hanteer Christene (oormatige) stres ?**

5.1 Benut wetenskaplike hulpmiddels

- ◊ tegnieke vir verlaging van stres bv. asemhaling, visioenering, musiek en ontspanningstegnieke en soms ook medikasie

5.2 Versorg jou liggaam

- ◊ eet reg
- ◊ oefening
- ◊ slaap
- ◊ rus (sabbat-beginsel), herstel is belangrik, Jesus het gerus



5.3 Bestuur en beplan tyd beter

5.4 Stel eerste dinge eerste (prioriteite)

- ◊ praat saam: brand> 5minute om uit huis te neem wat....???
- ◊ pasop vir materialisme: meer goed= meer stres
- ◊ eenvoud en vergenoegdheid